100% kompetisie

TOWENAARS MET LIG

VISI se heel eerste Haute Lumiére-beligtingskompetisie in samewerking met Paul Pamboukian Lighting Design en die Sanlam SA Modeweek het ses belowende finaliste opgelewer.

DIE TWEEDE HAUTE LUMIÉRE-BELIGTINGS-KOMPETISIE WORD WEER IN 2008 IN SAMEWERKING MET PAUL PAMBOUKIAN LIGHTING DESIGN EN DIE SANLAM SA MODEWEEK AANGEBIED. VOLLEDIGE BESONDERHEDE VERSKYN IN ONS VAKANSIE-UITGAWE, WAT VANAF 5 DESEMBER TE KOOP SAL WEES. DIE INLIGTING SAL OOK OP ONS WEBWERF, WWW.VISI.CO.ZA, GEPUBLISEER WORD.

Lig speel dieselfde ankerrol in die interieurwêreld as skoene in die modebedryf, en daarom het etlike plaaslike ontwerpers die geleentheid aangegryp om 'n grensverskuiwende nuwe lig of lig-installasie rondom die tema "Fashioning Light" te ontwerp.

Die beoordelaarspaneel het uiteindelik ses finaliste gekies wat 'n werksessie onder leiding van Paul Pamboukian bygewoon het om hul prototipes te verfyn.

1 **TARA CARMICHAEL** het roomkleurige chiffon gebruik om 'n 3 m lange "romp" te maak wat 'n ligkolom vorm.

2 **MICHAELLA JANSE VAN VUUREN** het haar ligtrio – twee rond en een vierkantig – met behulp van "Rapid Prototyping" en "Selective laser sintering" op rekenaar ontwerp en op nylonmateriaal uitgedruk. Sy het gloeilampe wat van kleur verander, gebruik.

3 **GRACE GALUSZYNSKI** se reïnterpretasie van die bekende hartvorm – in handgebreide draad en ingenieursmaaswerk – vertel hoe die essensie van modes tog 'n invloedryke energie behou.

4 **CHARLOTTE JANSE VAN VUUREN** noem haar lig 'n "kontemporêre valletjiesrok" wat met skaduwees speel: Drie bakvorms is met vyf lae geperforeerde halfdeursigtige materiaal oorgetrek om die LED-ligte aan die binnekant te verhul.

5 **BONGISA MSUTU** het 'n 2 m hoë aluminiumraamwerk binne-in 'n perspexhouer geplaas waarop 'n gedig afgedruk is en dit van onder belig. Aan die binnekant is hoenderdraad gebruik wat met wit breiwol "geborduur" is.

6 **COENRAAD MARITZ** se vyf plastiek-lampskerms in die vorm van Voortrekkerkappies is met lasersnywerk gemaak en met lint "geborduur" voordat dit tussen twee bokse opgehang is. Die skerms word uit die onderste boks belig en die patrone teen die boonste boks geprojekteer.